Berg-en-Dal

Geloof wat tuiskom…

Ken Hom in alles...

Om te kan aanpas, het in die afgelope 5 maande nie net dringend geword nie, maar noodsaaklik. Families moes nuwe maniere vind om te kommunikeer, vergaderings lyk anders, skool lyk anders en studeer het ‘n nuwe baadjie aangetrek. Die kerk moes ook in hierdie omstandighede nuwe maniere vind. Waar dit ‘n risiko is om in groepe bymekaar te kom, moes ons eredienste herbedink en selfs wyksbyeenkomste. Baie aspekte van geloof het weer ‘n tuiste gevind waar gesinne byeen is (waar geloof tuiskom, die kweekhuis van geloof). Julle as gesin, vriende of familie word uitgenooi om saam hierdie studie deur te werk. Mag die Here julle gesprekke seën saam om sy Woord. Saam met hierdie uitdeelstuk is daar ook ‘n kort video inleiding op Berg-en-Dal se Youtube kanaal wat julle gesprek kan inlei. Die skakel word hierby aangeheg.

1) **Gebed:** Wanneer ons in die Here se Woord gaan besig wees het ons die wysheid van die Heilige Gees nodig. Vra die Here vir leiding, sodat ons reg sal lees en verstaan en vra ook vir die wil om aan Hom gehoorsaam te wees.

2) **Hoor die Woord:** Lees nou Spreuke 3:5-8 & Josua 1:7-9 aandagtig deur. Indien julle meer as een vertaling beskikbaar het, kan dit ook waardevol wees. Vertel vir mekaar wat julle opgeval het in die teks en waarom dit vir jou belangrik is.

3) **Inleiding:** Hier kan julle die video-inleiding kyk wat op Berg-en-Dal se YouTube kanaal beskikbaar is.

4) **Bespreking:**

◊ Wat sou dit beteken om volkome op die Here te vertrou, eerder as op jou eie insigte? (Spreuke 3:5) Waarom sou ‘n wyse mens so lewe?

◊ In die afgelope paar Sondae werk ons in die eredienste deur die boek Josua. In hierdie boek is die wysheid van Spreuke 3 so mooi verwoord in die praktyk. Watter lesse het Josua en Israel geleer wanneer hulle op hulle eie insigte staatgemaak het? (Josua 7:3-6 & 10-12; Josua 9: 14-20)

◊ Die woordjie *“ken”* in vers 6 *“Ken Hom in alles...”* word ook vertaal met *“Vra na die wil van God”* of *“acknowledge Him”* (KJV & NIV). Dit is dus duidelik dat die betekenis veronderstel dat ons met God sal rekening hou in alles wat ons doen, dat ons die Here sal raadpleeg (soos Israel nie gedoen het wanneer hulle te seker van hulle saak was in die tyd van Josua nie). Wat sou dit beteken vir jou lewe elke dag? By die werk, skool, tuis, sportveld, op die pad ens.? Hoeveel keer het jy die afgelope week gedink, “Wat sal die Here hier wou hê dat ek moet doen?”

BESTUDEER DIE WOORD...

Spreuke 3:5-8
Josua 1: 7-9
Josua 7:3-6 & 10-12
Josua 9: 14-20
Josua 24:14-21

Aantekeninge

Berg-en-Dal

Geloof wat tuiskom…

...vervolg

◊ Spreuke 3:7 sê dat dit dwaas sou wees om te leef asof ek en jy alle wysheid besit. Wat sou daarteenoor die wyse ding wees om te doen? (Sien Spreuke 3:7-8). In die wêreld waarin ons leef is daar baie min dinge wat mense doen waaroor hulle God

◊ geraadpleeg het of ten minste God se wil in ag geneem het.

◊ Watter dinge kan julle doen om meer bedag te wees op God se wysheid vir jou lewe? Kan jy een keer onthou waar jy God se wysheid gesoek het, daaraan gehoorsaam was en dit vir jou rampspoedig uitgewerk het?

◊ Josua het tydens die intog in Kanaän baie dinge beleef, maar een van die dinge wat die duidelikste in die boek Josua uitstaan, is dat Josua geleer het dat God betroubaar is. Dat dit lewensbelangrik is om met jou hele hart op Hom te vertrou en nie op jou eie insigte staat te maak nie. Dit was die eerste opdrag in Josua 1:7-9 en in die laaste hoofstuk, Josua 24, is Josua baie beslis. Almal moet 'n keuse maak. Dit is nie sommer net 'n halfhartige besluit nie. Dit is 'n keuse om die Here voluit te dien en Hom in alles te ken. Hy maak daardie keuse namens sy gesin en dan daag hy Israel ook uit.

Hoe sou julle as gesin, of jy as individu die besluit om volkome op die Here te vertrou, prakties kon uitleef in jou werk, skool, huis, vriendekring en jou gemeente? Watter veranderinge moet julle in hierdie verband maak?

5) Gebed: Gee gerus geleentheid vir elkeen wat graag wil bid. Vra vir die Here vir wysheid om so te leef dat die woorde, "Ken Hom in alles..." ook 'n kenmerk van jou lewe sal wees. Gee ook geleentheid vir almal om gebedsversoeke op die tafel te sit waaroor julle saam kan bid. Hier volg ook 'n paar versoeke:

⇒ Bid vir almal wat siek geword het of in beroepe staan waar hulle baie blootgestel is. Onthou om die Here te dank vir elkeen wat gesond geword het.

⇒ Bid vir familie wat in hierdie tyd rou oor geliefdes wat gesterf het.

⇒ Bid vir jou geestelike familie, Berg-en-Dal en die kerk in die algemeen wat in hierdie tyd nie net moet oorleef nie, maar ook geestelike rigting gee.

⇒ Bid vir die herstel van ons land, ekonomies, emosioneel en op elke ander terrein waar daar soveel vernietiging is.

Baie dankie dat julle saam met die res van julle geloofsfamilie—Berg-en-Dal gemeente, die Here aanbid en na Sy wil soek.

Vrede vir julle!

BESTUDEER DIE WOORD...

Spreuke 3:5-8
Josua 1: 7-9
Josua 7:3-6 & 10-12
Josua 9: 14-20
Josua 24:14-21

Aantekeninge